| 8 Augustus | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



**Nagmaalgebed**

Heer,
Ek sukkel soms so om te glo.

Maar hoe kan ek nié
met die tas
van u lyf
in my mond rond,
en die kleur
van u bloed
wat my smaak raak?

Ek dank U vir die Nagmaal,
dié maal,
Heer.

*Jannie Hougaard*

## SONDAG 10 AUGUSTUS SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Leopold van Huyssteen | Ds. Heinrich Carstens | Ds. Kirsten Small |
| Luk 12:35-45 | Heb 11:1-16 | Heb 11:1-16 |

LIG | DEERNIS | HOOP

## Kuierkerk




## Hangklipkerk




## Kleinmondkerk



Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is: https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is 'n Sinodale Deuroffer vir Dowes

Op 17 Augustus is dit vir ons gemeente se **Getuienisaksie.**






# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 11 Augustus** | ***16:30*** | *GriefShare*-kursus (Kapel) |
| **Dinsdag 12 Augustus** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| **Woensdag 13 Augustus** | ***09:00*** | Normaalklas vir Vrouebybelstudie (Kapel) |
| | ***17:00*** | Hangklip Bybelskool |
| | ***18:00*** | Dissipelskap Reisgenote (TYD) |
| **Donderdag 14 Augustus** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| **Vrydag 15 Augustus** | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |
| **Saterdag 16 Augustus** | ***08:30*** | Eko-groep: Skoonmaakaksie |
| **Sondag 17 Augustus** | ***09:00*** | Getuienisnaweek (Hangklipkerk) |
| | ***11:30*** | Nuwe Intrekkersete (Kleinmondkerk) |




**Op ons gebedslys hierdie week...**


*Dis met groot hartseer dat ons verneem het van Pierre le Roux wat oorlede is. Hy was voorheen van wyk (Sa3).*

Ons bid saam ook vir *Hannie de Kock (KP1) wat tans baie siek is.*

# Ons vier Nagmaal…

Op Sondag 10 Augustus

- Hangklipkerk – ds Leopold
- Kuierkerk – ds Heinrich
- Kleinmondkerk – ds Kirsten





# Nagmaal Koskasinsameling

Onthou die KOSKASINSAMELING vir ons Barmhartigheidsbediening met ons Nagmaalnaweek.

**Diens van Barmhartigheid**

**SPESIALE INSAMELING**

**BRING SAAM MET NAGMAAL**

*Produkte wat benodig word:*

- *Blikkies Tuna*
- *Kookolie 750ml*
- *Langlewemelk 1 liter*
- *Ricoffy 250g*
- *Suiker 1kg*
- *Weetbix 450g*
- *Tandepasta*
- *Shampoo*
- *Handeroom*

**BAIE DANKIE VIR ELKE BYDRAE**

Caritas-span

# Nuwe Intrekkers



## Baie welkom!

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

***Christina Taljaard*** *van Suider-Strand (PB1)*
***Theunsina Marthina Petronella Johanna Maree*** *van Stellastraat (KP2)*
***Isak Johannes en Hendriette Ludick*** *van Margate (BB6)*

*Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente. Mag julle voorwaarlik 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*

## en welkom terug!



*Ons verwelkom ook graag vir*
***Gert en Hantie Schoeman (Sc4)****,*
*ou lidmate, weer terug in ons gemeente.*

# UITNODIGING: GETUIENISNAWEEK
# SONDAG 17 AUGUSTUS, HANGKLIPKERK

Op bogenoemde Sondag gaan die kollig weer val op ons gemeente se getuienis en ondersteuning aan sendelinge wat die evangelieboodskap oraloor versprei.

**Patrick Vuthela** is een van **ds Theuns Henn** se kollegas by Ebenezer Theological Seminary wat vir pastore en kerkleiers toegespitste opleiding gee. Dit sluit in kennis van die Skrif en praktiese vaardighede in gemeentewerk. Patrick en ds Theuns sal op **Sondag 17 Augustus** saam die erediens in Hangklipkerk lei.




Aangesien Xhosa Patrick se moedertaal is, doen hy kosbare werk in gemeenskappe soos Guguletho, Nyanga en Mbekweni (Paarl). Hy het ook die inisiatief met kerkplanting geneem deur naby sy huis in Mbekweni met eredienste in 'n gazebo te begin.

Ons gaan op hierdie Sondag meer hiervan hoor, asook van die groot uitdagings in sy gemeenskap soos armoede, werkloosheid en 'n tekort aan huisvesting. Bendes kry ongelukkig in so 'n gemeenskap 'n vastrapplek wat dwelmhandel, alkoholmisbruik en misdaad laat toeneem.

Patrick en sy vrou Nwabisa doen verder 'n groot werk onder kinders, tieners en jong volwassenes. Verder gee sy diens in die Drakenstein-gevangenis hom die geleentheid om die evangelie met gevangenes te deel asook deel te wees van die proses van versoening tussen gevangenes en slagoffers van hulle misdade.


Die Getuienisaksie wil hierdie naweek graag vanaf die stadsmure van Kogelberg-gemeente **'n beroep** doen op almal in ons gemeente wat 'n sendingroeping het om deel te wees van die erediens in Hangklipkerk. Ná die gebruiklike tee drink en gesels luister ons verder na wat Patrick vertel, en kuier dan saam tydens 'n ligte middagete. Almal wat wil saameet word gevra om asb. teen Maandag (11 Augustus) vir Esther Pretorius (082 786 3100) te laat weet. Om koste te dek word 'n betaling van R60 per persoon gevra. Bring asb. net eie drinkgoed.

# Die goeie ou dae – is nou beter!




En baie dankie, Google, vir die foto.

Die goeie ou dae – is nou beter! 'n Groot deel van die inwoners van Kogelberg kom uit die dae toe dinge beter daaraan toe was. Dit hoef ek jou nie te vertel nie. Luister maar na gesprekke om die braaivleisvure of oor 'n koppie koffie (wat darem goedkoper is as braaivleis...) en jy sal dit self hoor.



Daar is egter ook baie wat nóú beter is as tóé. Dinge is makliker, met meer hulp beskikbaar. Let maar op hoeveel van ons voel onversorg sonder ons klein rekenaartjie, die slim selfoon, naby. Sou jy jou dit 10 jaar gelede kon voorstel?

In die kerk gaan dit beslis ook beter, makliker.
Die bediening, wat ek so graag as dominee aan God se kinders wou bied, is nou 'n plesier. Vroeër moes ek na veraf plase in die Karoo (tot 120 km van die dorp af!) ry vir persoonlike besoek eenmaal per jaar. In groter gemeentes kon ek hoogstens eenkeer elke tweede jaar met roetine huisbesoek by mense uitkom.

En tans? Wat gebeur nou by ons in die Kogelberg?

Ek ontvang elke oggend 'n persoonlike stemboodskap waarin met my gesels word oor my lewe saam met God. Saans kan ek rustig die dag afsluit met nog persoonlike stemme wat my begelei om terug oor die dag heen te kyk en van God se teenwoordigheid bewus te wees. Tweemaal in die week kan ons inskakel op ds. Heinrich se Koffiekuier om hom te hoor én te sien. Sondag kan ek kies uit 3 tipes eredienste om een by te woon waar ek God die maklikste kan loof en "hoor". Boonop word die eredienste met hoë kwaliteit uitgesaai vir diegene wat nie persoonlik die diens kan bywoon nie. Selfs as ek elders kuier, kan ek by Kleinmondkerk se erediens inskakel.

Vir die van ons wat daarvan hou om stil met die Here besig te wees, is daar 2 Kapeldienste elke maand waar ek begelei word in nadenke oor God en sy Woord. Elke week word ek op my selfoon op hoogte gehou van wat aangaan en waar ek saam met ander kinders van die Here kan inskakel om die liefde van die Here prakties uit te deel –– én self te geniet. Die week se gemeentenuus kry ek kleurvol in my e-posbus. En om makliker te kan onthou, is die Kerkklok Sondae op skrif beskikbaar om huis toe te neem. Die Weerklank bereik my posbus en prikkel my om dieper te dink. Ek kan selfs die wyer kerk se nuus gratis kry van Kaapkerk of die Kerkbode.

Ek hoef ook nie bang te wees dat ek iewers verlore sal raak en alleen sonder hulp sal wees nie. Ons netwerk van ouderlinge en dienswerkers en wyksbyeenkomste bied die geleentheid om bande met die mense om my te bou. Ons ís mos mekaar se naaste naastes! En waar ons dominees nie by al 1802 gemeentelede kan bykom nie, is daar 'n herder wat help.

As jy eendag heeltemal ongeholpe voel : Bel dan die vriendelike mense by die kerkkantoor. Hulle sal met 'n glimlag in die stem help.

Alles, glo ons, is die Here se versorging sodat jy jou roeping as sy kind kan uitleef, nl. om sy liggaam te wees in die buurt waar jy beweeg.

Dankie Here, dat die goeie ou dae nou soveel beter is. Veral hier in die Kogelberg!

Groetnis,
Ou-dominee Jannie.



# Hou die datum oop...

## Lente Basaar

20 September

09:30

Kleinmondkerk

**Basaarlyste is beskikbaar!**

by die Ouderling of Dienswerker

# Maak 'n nota...

## Ou batterye

EKO-BEDIENING



Die Eko-bediening wil ons gemeente net weer daaraan herinner dat ou batterye ook by die Kleinmond Biblioteek in n houer gegooi kan word.

## Die Eko-bediening se Bestuurspan is op soek na

'n vrywilliger

**SEKRETARESSE/-RIS**

EKO-BEDIENING

Die aarde behoort aan die Here

Kontak Jan by
082 414 4254
of
janmomsen@gmail.com

## Dankofferbydraes



Merk asseblief jou dankofferbydrae met
HK vir Hangklipstreek of
KM vir Kleinmondstreek

## Ons soek asseblief bekostigbare vakansieverblyf

Makwe MISSION Quionga

vir Andre en Anna-Marie Thiart en hulle twee volwasse kinders vanaf 22 Desember 2025 tot 12 Januarie 2026.

Andre en Anna-Marie is sendelinge in Mosambiek by Makwe Mission in Quionga en word ondersteun deur Getuienisaksie van Kaapkerk.



Indien jy dalk kan help, skakel asseblief vir ds Heinrich by 083 566 1490.

## Diens van Barmhartigheid

**Mooiuitsig**

**NG Kerk Kogelberg Hangklip**

**Spoghoede en Pette**

Woensdagmiddag 6 Augustus 2025



Foto's geneem deur Sandra du Plooy

Met liefde gemaak deur Joanne



**Met groot entoesiasme het die kinders van Mooiuitsig spoghoede en pette van koerantpapier gemaak. Daar was groot opgewondenheid en baie pret! Hulle was baie trots op hulle eie skeppings.**




















Vrouediens
NG Kerk Kogelberg
Diens van Barmhartigheid
Gebreekte Kleipotte Marita Grobler
Dinsdagmiddag 5 Augustus 2025 15h00
Met liefde gemaak deur Joanne











Vrouediens
NG Kerk Kogelberg
Diens van Barmhartigheid
Koffie-Kuier-Klets met Melktert
Dinsdagmiddag 5 Augustus 2025 15h45
Met liefde gemaak deur Joanne









# Verjaarsdae!

## 9 Augustus

Theresa Bornman 081 015 3263 (BB6)
Ben Hechter 082 335 8989 (BB1c)
Debbie Ludick (PM1)
Cameron Mather (PB2a)
Dorah Swart (Bb1)

## 10 Augustus

Leanda Miessner 082 862 7388 (HK3)

## 11 Augustus

Gustave Erlank 082 451 4055 (PM5)
Jeanette Fischer 083 565 8407 (KP1)
Marita Fourie (BB4)
Liza Groenewald 082 834 2128 (Ba2)
Janttjie Kotze (BB3)
Botha Maree 081 769 4731 (Ba1)

## 12 Augustus

Freda Botha 082 480 3488 (KB5)
Paul Stefanus Marais (KB1)
Nellie Snyman 082 855 2408 (KB2)
Vic Van Zyl 079 724 6553 (BB1b)

## 13 Augustus

Ria Botha 083 305 8147 (BB3)
Margaret Nieuwoudt 084 295 0878 (Sa1)
Wessel Odendaal 071 460 1856 (HK1)
Phillip van den Heever (Sc2)
Gertha Van Heerden 072 435 6821 (PM5)

## 14 Augustus

Ansie Bezuidenhout 063 740 7725 (Sa1)
Fritz Bredenkamp 083 270 7102 (Ba1)
Yvonne de Vaal 072 607 0851 (KB4)
Estian Odendaal (Sa3)
Kirk Oelofse 082 419 4197 (Sc2)
Linette Perold 083 677 3992 (BB5)
Pietie Roux 081 363 7826 (Ba2)

## 15 Augustus

Aldré Carstens 083 644 6481 (Sc4)
Gawie Eksteen 082 499 9903 (Sb1)
Louis Gerber 082 459 6921 (BB5)
Adriaan Oosthuizen (Sc1)
Stefan Swart 082 773 1118 (KB1)
Boy Viljoen 072 222 8450 (PM3)

# Gemeenskaps-
# DAGBOEK

*Kom sing saam*

## MANNESANGAAND

**SANDBAAI, HERMANUS**

met klavierbegeleiding

**Kom gedenk 1700 jaar van die Geloofsbelydenis van Nicéa met Psalmsang en lied**

**DV *Saterdag***

## 9 AUGUSTUS 2025

**17:00 | GEREFORMEERDE KERK HERMANUS**
(BERGSIGLAAN, SANDBAAI)

**ALLE MANS & SEUNS WELKOM**
**TOEGANG GRATIS**

Deurkollekte &
verversings na afloop

Sluit aan by ons WhatsApp-groep deur die QR-kode te skandeer, of kontak:

**Ds. Nikolaas Pienaar 082 060 2034** | nikolaaspienaar@gmail.com
**Skriba Jac Botha 082 814 2230** | jac.botha@route2.co.za

WHALE COAST SYMPHONY ORCHESTRA PRESENTS

## A NIGHT AT THE *Symphony*

Join us for a **symphonic journey** that will **move your heart** and **uplift your spirit.**

## 23 August | 18:00

**Hermanus Civic Auditorium**

**Tickets: R200** at the door
**R165** on Quicket

WCSO WHALE COAST SYMPHONY ORCHESTRA



Quicket EXPERIENCE AWESOME

wcsymphonyorchestra

## LOAVES & FISHES GOLF DAY

**19 SEPTEMBER 2025**

**KLEINMOND GOLF COURSE**

- **4 BALL ALLIANCE 2 SCORES TO COUNT**
  Scramble drive
- **SHOTGUN START**
  - 09:30 AM
- **R2000 PER FOUR BALL**
  Includes:
  - Players fee
  - Halfway House
  - Prizes
  - Dinner
- **Family and friends, join us for Prize giving, Dinner (pre book R120 pp) and Auction from 17:00**
- **SPONSOR HOLES AVAILABLE**



**WIN R50 000! HOLE IN ONE!** (T's & C's)

**RAFFLE:** ½ Lamb hamper R50/entry, 3 entries/R100

**AUCTION**

PRINGLE BAY UNITED CHURCH

**Contact us for more information and Registration:**
E-mail: pbucgolfday@outlook.com | Cell. 083 475 8949 - Eugene
Website: www.pbuc.org.za

# KERKKANTOOR

## ure

| | |
|---|---|
| **MAANDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **DINSDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **WOENSDAG** | 10:00 - 13:00 |
| | 16:00 - 18:00 |
| **DONDERDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **VRYDAG** | GESLUIT |

## KONTAKBESONDERHEDE

***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***

info@ngkogelberg.co.za

Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***

028 271 3470 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***

083 670 4290




GROEPGESPREKKE | 10 - 16 AUGUSTUS 2025

1. **Gesels bietjie saam...**
    - Wat is die vreemdste 'conspiracy theory' (sameswerinsteorie) wat jy al ooit gehoor het? Hoekom dink jy kan 'n mens dit nie glo nie of dalk wel glo?
    - Hoe besluit jy of 'n storie 'waar' is of nie?
    - Dink jy 'sien is glo'? Hoekom of hoekom nie?

2. **Ons storie nou...**
    - Wat beteken dit om iets te 'glo'?
    - Wat is die verskil tussen 'glo' en 'weet'?
    - Wat dink jy is die belangrikste dinge wat ons as kinders van die Here moet glo?
    - Hoekom glo jy dit? Of wat maak dat dit vir jou moeilik is om dit te glo?
    - Hoe sal jy jou geloof nou, op hierdie oomblik, beskryf?
    - Wat laat jou geloof groei en wat laat jou twyfel?

3. **God se storie...**

- Lees nou weer die teksgedeelte in Hebreërs 11:1-16 saam deur. Lees vers 1 & 2 in The Message hieronder.
    - [1-2] The fundamental fact of existence is that this trust in God, this faith, is the firm foundation under everything that makes life worth living. It's our handle on what we can't see. The act of faith is what distinguished our ancestors, set them above the crowd.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Deel met mekaar iets wat jou uit Sondag se erediens geraak het.
- Gesels bietjie met mekaar oor die volgende:
    - Gesels vinnig oor al die Bybelkarakters wat hier genoem word – wat is min of meer elkeen se storie? Wat het hulle geglo? Wat leer ons van geloof by Abel, Henog, Noag en Abraham?
    - Wat is geloof volgens die Hebreër-skrywer? Watter werkwoorde sal jy gebruik (na aanleiding van Hebreërs 11:1-3) om 'geloof' en 'glo' mee te beskryf?
    - Wat beteken dit om 'in die geloof te lewe'?
    - Hoekom is 'aksie' of 'dade' 'n belangrike deel van geloof?
    - Wat is die verband tussen 'gehoorsaamheid' en 'geloof'?

- “Geloof bestaan uit ware kennis en ’n vaste vertroue”. Wat beteken dit en hoe help dit ons?
- Wat kan jy doen – volgens die getuies wat in Hebreërs genoem word – as jy regtig glo?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Deel met mekaar julle gedagtes oor die volgende vrae:
  - Hoe kan jy hierdie week ’n ‘tree in die geloof gee’? Watter praktiese dinge kan julle hierdie week doen om in geloof te lewe?
  - Hoe kan ons geloof ons help om anders na die wêreld te kyk en anders te leef?
  - In watter area van jou lewe het jy meer geloof nodig?
  - Hoe dink jy moet jou geloof jou storie verander?
  - Hoe het jou geloof jou lewenstorie verander?”

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord met die oog op Sondag 17 Augustus se eredienste en oordink dit solank hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 11 Augustus - Hebreërs 11:1-16
- Dinsdag 12 Augustus - Psalm 80:1-19
- Woensdag 13 Augustus - Jesaja 5:1-7
- Donderdag 14 Augustus - Lukas 12:49-56
- Vrydag 15 Augustus - Hebreërs 11:1-28
- Saterdag 16 Augustus - Hebreërs 11:29 - 12:3